HOOFSTUK 2

Geloof

1. Sondeskuld en vergifnis

1.1 Die sondeval in die Paradys – ongehoorsaamheid en die strewe om soos God te wees

- Sonde is strafbaar

  Kyk na die inhoud van Eksodus 34:6-7:

  "En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag."

- Vergifnis: die mens word in Christus, op grond van sy soendood, regverdig verklaar en vergewe, hoewel sy sonde nie ontken word nie.
  - Handelinge 10:43: *"Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang."*
  - Handelinge 4:12: *"En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie."*
  - 1 Johannes 1:9: *"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."*

Dit is die kernsaak waarin die Christelike leer anders is as alle ander godsdienste.

1.2 Op grond waarvan word sommige in Christus regverdig verklaar en vergewe?

- Nie alle mense se sondes word vergewe nie.
- Christus verlos slegs diegene wat in Hom ingelyf is deur 'n ware geloof.
- Dit is almal wat Hom as hul Verlosser en Saligmaker aanneem, met belydenis van hulle skuld. Niemand is daartoe in staat nie, behalwe as die Heilige Gees dit moontlik maak.
- Uiteindelik word ons uit louter genade verlos, met geloof as die middel waardeur ons die genade benut. Ons kan nie op ons geloof roem asof dit ons eie prestasie is nie.

  Lees:

  - Matteus 22:14: "Want baie is geroep, maar min uitverkies."
  - Johannes 3:36: "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom."
  - Romeine 3:28: "Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder d*ie werke van die wet."*

1.3 Kan almal in Christus se verlossing glo?

Nee. slegs mense vir wie God dit moontlik maak om te glo.

Vir baie is dit nooit moontlik nie – hulle spot eintlik daarmee.

Slegs enkele teksverwysings:

- Matteus 13:11: *"Toe antwoord Hy en sê vir hulle:Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie."*
- Matteus 19:11: *"Maar Hy sê vir hulle:Almal vat hierdie woord nie, maar net dié aan wie dit gegee is."*
- Markus 4:11: *"En Hy sê vir hulle: Aan julle is dit gegee om die verborgenheid van die koninkryk*

van God te ken, maar vir hulle wat buite is, kom alles deur gelykenisse."

- Lukasrand 8:10*: "En Hy antwoord: Aan julle is dit gegee om die verborgenhede van die koninkryk van God te ken; maar aan die ander deur gelykenisse, sodat hulle, terwyl hulle sien, nie sien nie, en terwyl hulle hoor, nie verstaan nie."*
- Johannes 6:65: *"En Hy sê: 'Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie'."*

1.4 Ons gaan in die eindoordeel deur God skuldig bevind word aan al ons sondes, maar die gelowiges sal nie hel toe gaan nie, want God gaan hulle regverdig verklaar in Jesus Christus. Dit beteken dat God ons al ons sondes gaan vergewe, maar Hy gaan nie ontken dat ons dit gedoen het nie!

1.5 Alle mense word nie deur Christus verlos nie. Hy verlos alleen die mense wat in Hom ingelyf word deur 'n ware geloof. Die belydenis leer dat dit al die mense is wat Christus se weldade aanneem. Lees Matteus 22:14 en Johannes 3:36.

1.6 Alleenlik mense vir wie God dit moontlik maak om te glo, kan glo.
NB: Lees Matteus 13:11; Matteus 19:11; Markus 4:11; Lukas 8:10 en Johannes 6:65.

1.7 Christus ly net vir die mense wat die Vader aan Hom gegee het, en wat glo – Johannes 17:9.

1.8 Dit beteken nie dat die werk van Christus onvoldoende is nie.

Die werk van Christus was so volmaak dat dit die sondes van die hele wêreld kon versoen – Dordtse Leerreëls, hfst. II, par. 3.

1.9 Die Heilige Gees lyf ons in Christus in deur 'n ware geloof.

Prakties beteken dit dat die Heilige Gees die geloof in ons harte bewerk deur die prediking van die evangelie en dan versterk Hy dit deur die gebruik van die sakramente.

Lees hierby die Heidelbergse Kategismus, vr. 65 en Efesiërs 2:8.

1.10 Ons verstaan onder **die verkondiging van die Evangelie** die **amptelike prediking in die kerk**. Dit is so dat die amptelike prediking gebruik word om die geloof in ons harte te werk.

Lees hierby Jakobus 1:18; Romeine 10:13-17: *". . . aanroep . . . glo . . . hoor . . . preek . . . gestuur word."*

2. Wat is ware geloof?

2.1 Geloof

Hoe die Bybel dit openbaar, word in die Heidelbergse Kategismus, vr. 21 verklaar.

- Veral Hebreërs 11:1: *"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."* Ook die ander teksverwysings in die Heidelbergse Kategismus.
- Geloof is die antwoord wat die Here deur sy Heilige Gees in my hart werk deur die wedergeboorte – my antwoord op wat die Here vir my sê en wat Hy van my vra.
- Dit is dus 'n geestelike gawe, iets wat ek besit en wat my lewe rig. Dit kom uit in my lewe, in alles wat ek is, wat ek dink en wat ek doen.

Wat is geloof?

- Dit is 'n **gewisse kennis**, waardeur ek weet dat alles wat God in die Bybel openbaar, die waarheid is.
- Verder is dit 'n **vaste vertroue** wat deur die Heilige Gees in my hart gewerk word, dat ek ook soos ander mense vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid as geskenk van God af ontvang.

Ek ontvang dit alleen uit genade, ter wille van die verdienste van Christus.

Geloof het dus twee bene:

- Gewisse kennis
- Vaste vertroue

Geloof is ’n lewende verbinding met die Enige God, want dit is om God te ken en op Hom te vertrou.

Prakties: Om op die evangelie te reageer

Geloof is nie ’n ding wat in ons uitgegiet word nie. Geloof is ’n aksie wat van jou af uitgaan. Maar terselfdertyd is dit ook ’n reaksie op dit wat God vir jou sê en dit wat Hy van jou vra.

Geloof is ook ’n geestelike gawe – daarom is dit inderdaad ook iets wat jy besit. Dit is dus iets wat jy het en iets wat jy doen.

Opsommend: ’n **Ware geloof** is:

- ’n gewisse kennis;
- ’n vaste vertroue; en
- word gevolg deur goeie werke wat uit hierdie geloof gebore word.

2.2 Ongeloof

- Daar is ’n belangrike verskil tussen **ware** en **valse** geloof.
    - ’n Ware geloof is soos dit hierbo gestel is.
    - ’n Valse geloof is ook geloof – maar ’n verkeerde en dooie geloof.
    - Die valse geloof kom dikwels baie na aan die ware geloof en uiterlik kan die valse geloof dikwels ’n aantreklike voorkoms hê.
- Ongeloof is nie ’n aangebore gebrek nie.
- Dit is ’n sonde omdat ons uit ongehoorsaamheid positief teen God kies. Johannes 3:18: *“Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.”*

2.3 Valse geloof kom in die volgende vorme voor.

- Historiese geloof
  Dit is om te weet dat al die feite in die Bybel waar is, maar dit het vir jou geen inhoud nie. Die feite beteken dus niks vir jou saligheid nie. Die satan het historiese geloof, want hy ken die Bybel feitlik woord vir woord, maar dit is net sover as wat dit gaan. Lees hierby Jakobus 2:19.
- Tydsgeloof
  Dit is ’n geloof wat goed wegspring, maar dit hou nie lank nie, verflou later weer en verdwyn uiteindelik selfs heeltemal. Lees hierby: Matteus 13.
- Wondergeloof
  Dit is ’n geloof wat net gekoppel word aan wonders en tekens. Hierdie mense se geloof is heeltemal afhanklik van die sensasie daarvan om wonders te sien gebeur en/of om dit self te doen.

Bogenoemde vorms van valse geloof kan ook skyngeloof genoem word. Lees hierby Matteus 13:1-23.

3. Geloofsbelydenis

3.1 Sodra ’n dooplidmaat geestelike volwassenheid bereik, doen hy/sy in die openbaar, voor God en die hele gemeente, belydenis van sy/haar geloof. Die gemeente is by hierdie gebeurtenis die getuies van die belydenisaflegging.

3.2 Om belydenis van die geloof te doen, beteken dat jy jou doop-verantwoordelikhede “vir jou eie rekening neem”. Dit wil sê die belofte aan God wat tydens jou doop beseël is, word nou deur die

dopeling self aanvaar en hy/sy onderneem om voortaan self in gehoorsaamheid aan God die konsekwensies van hierdie roeping en verbond na te kom.

Die doopbelofte is:

- dat God bevestig het dat die dopeling aan Hom behoort; en
- dat die ouers onderneem dat die dopeling in hierdie leer onderrig en opgevoed sal word.

3.3 God eis belydenis van ons geloof, want dit is die roeping van die verbond. Lees hier Romeine 10:9,10 en Matteus 10:32.

3.4 As iemand nie glo nie, is die Here nie daarvoor te blameer nie, want Hy bied aan almal gelyk en met volle erns die heil van Christus aan – met die verpligting egter om te glo. Dit is die mens self wat skuldig staan as hy weier om te glo. Lees hierby die Dordtse Leerreëls, hfst. III, IV, par. 8, 9; Hebreërs 10:38, 3:19; 1 Petrus 2:7,8.

3.5 Daar is ’n duidelike verband tussen uitverkiesing en geloof. Die geloof is nie die grond vir jou uitverkiesing nie, maar wel die vrug daarvan. Anders gestel: Ons word nie uitverkies omdat ons glo nie. Ons glo juis omdat ons uitverkies is.
NB: Efesiërs 1:4; Dordtse Leerreëls, hfst. III, IV, par. 7, 9.

4. Bose geeste

Die Here beskou alles wat teen Hom gerig is en wat ongehoorsaam is en wat onheilig is as boos. Bose geeste is dus geeste wat hulle teen God versit en wat onheilig en sleg is, en wat die eer van God en alles wat vir Hom dierbaar is, benadeel.

Daar is duidelik iets soos die bose. Bose is bose geeste wat verwoestingswerk aanrig.

Matteus 13:38: *“en die saailand is die wêreld. Die goeie saad – dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose,”*

Handelinge 19:12: *“sodat selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy lyf was, op die siekes gelê is, die siektes van hulle gewyk en die bose geeste van hulle uitgegaan het.”*

As ons kyk na die inhoud van Deuteronomium 28:35 is dit duidelik dat boosheid iets wat langdurig is in hom het: *“Die HERE sal jou tref met bose swere aan die knieë en aan die bene – waarvan jy nie gesond kan word nie – van jou voetsool tot jou skedel.”*

4.1 Bose geeste en mense

- Bose geeste kan mense aanval
  Handelinge 19:15: *“Maar die bose gees het geantwoord en gesê: Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?”*
  Handelinge 19:16: *“Toe spring die man in wie die bose gees was, op hulle en oormeester en oorweldig hulle, sodat hulle naak en gewond uit daardie huis gevlug het.”*

- Bose geeste en ’n groep mense
  Daar is gevalle waar ’n bose gees/bose geeste met groepe mense werk. Sulke bose geeste kan groepe mense aanval en hulle verkeerd/dwaas/sleg laat optree.

  Ons kry juis so ’n voorbeeld in Rigters 9:23: *“. . . het God ’n bose gees gestuur tussen Abiméleg en die burgers van Sigem, en die burgers van Sigem het troueloos gehandel teen Abiméleg,”*

  Jeremia 7:24: *“Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die verharding van hul bose hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie.”*

  Jeremia 8:3: *“En die dood sal bo die lewe verkies word deur die hele oorblyfsel, die wat oor is van hierdie bose geslag in al die plekke waarheen Ek hulle verdryf het, spreek die HERE van die leërskare.”*

- Bose geeste en enkelinge

Ons lees van verskillende plekke waar Saul met ’n bose gees probleme gehad het wat van hom besit geneem het. Blykbaar was hy heeltemal in die mag van die bose gees. Die indruk word nie gelaat dat hy hom teen die bose gees verset het (of kon verset) nie.

1 Samuel 16:14: *“Maar die Gees van die HERE het van Saul gewyk, en ’n bose gees, deur die HERE gestuur, het hom verskrik.”*

1 Samuel 16:15: *“Toe sê die dienaars van Saul vir hom: Kyk tog, ’n bose gees van God verskrik u:”*

Die vraag is of bose geeste vir musiek bang is? En vir watter soort musiek? Is daar iets soos sataniese/bose musiek? Watter soort musiek het Dawid gespeel?

Kyk na die volgende Bybelgedeeltes:

1 Samuel 16:16: *“ . . . laat ons heer net sê, en u dienaars wat voor u staan, sal ’n man soek wat op die siter kan speel; en as die bose gees van God oor u is, moet hy speel met sy hand, dan sal dit beter met u word.”*

1 Samuel 16:23: *“En net wanneer daar ’n gees van God oor Saul kom, neem Dawid die siter en speel met sy hand; dan voel Saul verlig en word beter, en die bose gees wyk van hom.”*

4.2 Wat gebeur waar bose geeste werk?

- Bose geeste laat mense waansinnig en onverantwoordelik optree

  1 Samuel 18:10: *“Die volgende dag het die bose gees van God oor Saul vaardig geword, sodat hy rasend was binne-in die huis terwyl Dawid soos elke dag met sy hand speel, en Saul ’n spies in sy hand hou.”*

- Wanneer bose geeste van iemand besit neem, kan die toestand versleg

  Matteus 12:45: *“Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hy self met hom saam, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste. Só sal dit ook wees met hierdie bose geslag.”*

  Matteus 13:19: *“As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die Bose en roof wat in sy hart gesaai is – dit is hy by wie langs die pad gesaai is.”*

  1 Timoteus 6:4: *“. . . dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het ’n sieklike sug na twisvrae en woordestryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog,”*

  1 Johannes 3:12: *“nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig.”*

4.3 Hoe kan mens breek met bose geeste?

- Ons kan van bose geeste verlos word

  Die Here Jesus se kruisdood was dat Hy ons verlos het uit ’n bose wêreld – dus ook van al die bose geeste en die mag van hulle aanvoerder, die duiwel.

  Galasiërs 1:4: *“wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld, volgens die wil van onse God en Vader,”*

  Kolossense 1:21: *“Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke, het Hy nou versoen”*

  2 Tessalonisense 3:3: *“Maar die Here is getrou; Hy sal julle versterk en bewaar van die Bose.”*

  2 Timoteus 4:18: *“En die Here sal my verlos van elke bose werk en my red om in sy hemelse koninkryk in te gaan. Aan Hom die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.”*

- Mense kan bose geeste weerstaan/teëstaan

  Matteus 5:37: *“Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose.”*

Handelinge 19:13: *"En sommige van die rondtrekkende Jode, duiwelbesweerders, het dit gewaag om die Naam van die Here Jesus te noem oor die wat bose geeste gehad het, en te sê: Ons besweer julle by die Jesus wat Paulus verkondig!"*

Efesiërs 6:12: *"Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug."*

Efesiërs 6:16: *"Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus."*

- Bekering breek die mag van die bose oor mense. God herstel hulle.

  Jeremia 3:17: *"In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die HERE; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie."*

  Sagaria 1:4: *"Moenie soos julle vaders wees nie, tot wie die vroeëre profete geroep en gesê het: So sê die HERE van die leërskare: Bekeer julle tog van julle bose weë en julle bose werke; maar hulle het nie gehoor en na My nie geluister nie, spreek die HERE."*

  Lukas 7:21: *"En in dieselfde uur het Hy baie mense genees van siektes en kwale en bose geeste, en aan baie blindes die gesig geskenk."*

4.4 God verskoon nie mense wat na bose geeste luister nie.

Die afleiding wat ons maak uit dit wat in die Bybel staan, is dat iemand hom vrywillig aan die bose geeste onderwerp as hy met hulle doenig is. Daarom straf die Here sulke optrede. Sulke mense gaan verlore. Daar is dus duidelik iets van die mens se eie verantwoordelikheid betrokke wanneer hy gehoorsaam is aan bose geeste.

Jeremia 11:8: *"Nogtans het hulle nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hulle het gewandel elkeen in die verharding van sy bose hart. Daarom het Ek oor hulle gebring al die woorde van hierdie verbond wat Ek beveel het om te doen, maar wat hulle nie gedoen het nie."*

Jeremia 16:12: *"en julle nog erger gehandel het as julle vaders; want kyk, julle wandel elkeen na die verhardheid van sy bose hart, om na My nie te luister nie."*

Jeremia 18:12: *"Maar hulle sê: Dit is tevergeefs; want ons sal na ons gedagtes wandel, en ons sal elkeen volgens die verhardheid van sy bose hart handel."*

4.5 Ons moet bid dat die Here ons van bose geeste verlos

Matteus 6:13; Lukas 11:4: *"en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose."*

Lukas 8:2:*"ook sekere vroue wat genees was van bose geeste en siektes: Maria wat Magdaléna genoem word, uit wie sewe duiwels uitgegaan het,'*

Johannes 17:15: *"Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.'*

1 Johannes 5:18: *'Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie.'*

4.6 Wat leer ons Belydenis?

Heidelbergse Kategismus

Vraag 127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onsself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk (e) nie, totdat ons eindelik die oorwinning volkome behaal (f).

(a) Joh 15:5; Ps 103:14. (b) 1 Pet 5:8; Ef 6:12. (c) Joh 15:19. (d) Rom 7:23; Gal 5:17. (e) Matt 26:41; Mark 13:33. (f) 1 Tess 3:13; 5:23.

Vraag 128: Hoe sluit jy jou gebed af?

Antwoord: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee (a) sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word (b).
(a) Rom 10:12; 2 Pet 2:9. (b) Joh 14:13; Jer 33:8, 9; Ps 115:1.

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 12

Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het.

- Hy het aan elke skepsel ’n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy skepper te dien.
- Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien;
- en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.

Sommige van die engele het uit die verhewenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf verval, maar die ander het deur die genade van God in hulle toestand volhard en staande gebly.

- Die duiwels en bose geeste het só ontaard dat hulle vyande van God sowel as van alles wat goed is.
- Soos moordenaars loer hulle op die kerk – ook op elke lidmaat – om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes.
- Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging.
- Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Saduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.

4.7 Enkele aanvullende teksverse

Hebreërs 3:12: *“Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle ’n <u>bose</u> en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie.”*

1 Johannes 2:13: *“Ek skryf aan julle, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek skryf aan julle, jongmanne, omdat julle die <u>Bose</u> oorwin het. Ek skryf aan julle, kinders, omdat julle die Vader ken.”*

1 Johannes 2:14: *“Ek het aan julle geskrywe, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek het aan julle geskrywe, jongmanne, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die <u>Bose</u> oorwin het.”*

1 Johannes 5:19: *“Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die <u>Bose</u> lê.’*

2 Johannes 1:11: *“Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy <u>bose</u> werke.”*

Openbaring 16:2: *“Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en <u>bose</u> swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het.’*